## DIE HISTORIESE MONUMENTEKOMMISSIE

Die 31ste Jaarverslag vir die tydperk 1 April 1965 tot 31 Maart 1966 en wat betrekking het op die werksaamhede van die *Kommissie tot Behoud van Natuurlike en Historiese Gedenkwaardighede en Oudhede,* is onlangs beskikbaar gestel. Omdat lesers van *Historia* in die werksaamhede van die Kommissie belangstel, word die volgende paragrawe uit die verslag as inligting bekend gemaak.

*Gedenkwaardighede geproklameer*

'n Volledige lys van gedenkwaardighede wat tot op 31 Maart 1965 geproklameer is, het in Jaarverslag No. 30 vir die jaar 1964-65 verskyn.

Sedert daardie datum is die volgende gedenkwaardighede geproklameer:

St. Stephen-kerk, Kaapstad
Kaaps-Hollandse plaashuis, Doornrivier, Worcester
Tweede Vryheidsoorlog-blokhuis, Laingsburg
Die Stadsaal, Beaufort-Wes
Nederduitse Gereformeerde Kerk, Wynberg
Eerste Effektebeursgebou, Barberton
Wierdabrug, Sesmylspruit, Pretoria
Ou Landdroskantoor, Hoofstraat 188, Paarl
Huntlystraatskool, Grahamstad
Korbeelhut, Stuurmansfontein, Carnarvon
1820 Setlaarskerk, Bathurst
St. Mariakerk, Stellenbosch
Die sgn. „Koetsierhuisie", Stellenbosch.

*Beheer oor wetenskaplike opgrawings en uitvoer*

Een van die take van die Kommissie is om, in die belang van Suid-Afrikaanse wetenskaplikes, beheer uit te oefen oor die opgrawing en uitvoer van argeologiese en paleontologiese eksemplare. Sodanige aktiwiteite mag onderneem word slegs deur die houers van permitte deur die Kommissie uitgereik aan behoorlik gekwalifiseerde persone wat regulasies moet nakom wat bedoel is om te verseker dat opgrawings volgens streng wetenskaplike metodes plaasvind, en om te verhoed dat eksemplare uitgevoer word tot nadeel van wetenskaplike studies in Suid-Afrika.

*Gedenkplate*

Gedenkplate met gepaste opskrifte word deur die Kommissie aangebring om historiese plekke aan te dui en om hulle belangrikheid op te teken vir die inligting van besoekers. 'n Volledige lys van die plate opgerig tot op 31 Maart 1965 het in Jaarverslag No. 30 vir die jaar 1964-65 verskyn. Van die 175 plate opgerig, is 68 op geproklameerde gedenkwaardighede aangebring.

Die volgende opskrifte is gedurende die verslagjaar opgerig:

*Die Kompanjiestuin*

Op 29 April 1652 het die tuinier van die V.O.C. Hendrik Boom die eerste stuk grond voorberei om uitvoering te gee aan Here Sewentien se opdrag aan Jan van Riebeeck om 'n groente- en vrugtetuin aan te lê. In 1661 het die tuin al 21 morg beslaan. Onder die tuiniers, Hendrik Bernard Oldenland (1692 of 1693-1697), Jan de Hartogh (1689-1714) en veral Johan Andries Auge (1747-1783) het die oorspronklike groente- en vrugtetuin tot 'n wêreldberoemde botaniese tuin met in- en uitheemse plante, struike en bome ontwikkel. Hierdie tuin is deel van die ou Kompanjiestuin.

2. *Die Rondebosse Meent*

Die Rondebosse Meent is deel van 'n gebied wat in 1805 deur die Bataafse troepe van Generaal J. W. Janssens, en na 1806 deur Britse troepe, as kampeerterrein gebruik is. In 1855 is weidingsregte op die Meent gegee aan die rektor van St. Pauluskerk, Rondebosch, onder voorbehoud dat die publiek altyd toegang tot die terrein sou hê.

3. *Die Slag van Grahamstad*

Op 22 April 1819 het 'n Xhosa mag onder Makana, geskat op 10,000 man, oordag oor hierdie helling op die garnisoendorp wat in 1812 gestig is, afgestorm. Die aanval is langs 'n haastig opgestelde verdedigingslinie in die vallei hieronder en by die barakke wat later Fort England geword het, deur 32 burgerlike en 301 militêre verdedigers onder Kol. Thomas Willshire afgeslaan.

4. *Ou Kaapse Huisklok*

Hierdie huisklok, sowel kas as uurwerk, is tussen 1768 en 1771 aan die Kaap vervaardig en is sover bekend die eerste in sy soort wat hier gemaak is. Dit is in 1963 tot 'n antieke voorwerp verklaar en was toe in die besit van Prof. H. B. Thom, rektor van die Universiteit van Stellenbosch.

*Bronswapens*

Bronswapens in die vorm van die wapenskild van die Kommissie word op geproklameerde gedenkwaardighede aangebring as 'n teken dat hulle geproklameer is. Gedurende die jaar is wapens aangebring op:

Rust en Vreugd, Kaapstad
Rondeboschmeent
Die Openbare Tuine, Kaapstad
Kaaps-Hollandse plaashuis, Doornrivier, Worcester
Hangbrug, Oudtshoorn
Nederduitse Hervormde Kerk, Potchefstroom
Ou Fort, Johannesburg

*Publisiteit en inligting*

Die Kommissie meen dat die publiek 'n belangrike rol moet speel in die bewaring van gedenkwaardighede. Alle pogings word gevolglik aangewend om die algemene belangstelling in natuurlike, historiese en wetenskaplike gedenkwaardighede te wek deur middel van die pers, die radio en op ander maniere. Die dagblaaie en die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie gee gereeld publisiteit aan vergaderings en ander werksaamhede van die Kommissie. 'n Padkaart wat die ligging van gedenkwaardighede aandui, is 'n paar jaar gelede goedgunstiglik deur 'n petrol-maatskappy namens die Kommissie laat druk, en dit is nog beskikbaar. Die geïllustreerde boek, „Die Gedenkwaardighede van Suid-Afrika", van die Kommissie is uitverkoop maar word geheel en al oorgeskryf en bygewerk. 'n Brosjure oor Dingaanskraal is beskikbaar vir besoekers aan die terrein, en oorweging word geskenk aan die druk van brosjures oor ander historiese terreine. Die aanbring van padwysers by gedenkwaardighede geniet die aandag van die Kommissie en die samewerking van die Nasionale Vervoerkommissie en die Provinsiale Administrasies is verkry.

'n Groot aantal navrae in verband met gedenkwaardighede is deur die kantoor van die Kommissie behandel.

*Herstel- en opknappingswerk en omheining*

Die onderhoud van gedenkwaardighede is die verantwoordelikheid van hulle eienaars, maar in uitsonderlike gevalle maak die Kommissie klein bydraes vir hierdie doel.

Die Ou Fort op Potchefstroom, die Vegkopslagveld in die distrik Heilbron en Van Riebeeck se grensheining te Bishop's Court, Kaapstad, is die eiendom van die Kommissie. Die fort word op koste van die Kommissie deur die Potchefstroomse Munisipaliteit onderhou, en Van Riebeeck se heining word deur die Departement van Bosbou versorg, terwyl die Kommissie die koste van die werk betaal. Die heinings by Vegkop is gedurende die jaar herstel.

Daarbenewens het die Kommissie klein bydraes gemaak vir die onderhoud van 'n historiese windmeul te Trappes Valley in die distrik Bathurst, vir 'n nuwe dak vir 'n ou skoolgebou op die Morawiese Sendingstasie te Mamre, asook vir die onderhoud van 'n historiese Voortrekkerterrein op Sooilaer in die distrik Estcourt.

Gepaste kennisgewings is op die Paarlberg opgerig om die omvang van die gebied wat as natuurlike gedenkwaardigheid geproklameer is, aan te dui en om die wangebruik van die gebied te belet.

*Inspeksie en toesig*

Lede van die Kommissie inspekteer gedenkwaardighede ten tyde van vergaderings in verskillende dele van die land en ook elke keer wanneer hulle in die loop van hul reise 'n geleentheid kry. Sekere gedenkwaardighede word jaarliks deur die Suid-Afrikaanse Polisie geïnspekteer, en ander

deur beamptes van die Departement van Openbare Werke. Belangstellende lede van die publiek lewer ook van tyd tot tyd verslae aan die Kommissie, en dié verslae is baie welkom. Nogtans word baie gedenkwaardighede maar selde geïnspekteer en die Kommissie oorweeg die aanstelling van minstens een voltydse inspekteur wat nie net oor die toestand van gedenkwaardighede verslag sal doen nie, maar ook in staat sal wees om geringe herstel- en onderhoudswerk in die loop van sy inspeksies uit te voer.

By sekere gedenkwaardighede beskik die Kommissie oor die dienste van erebewaarders wat hulle tyd en aandag goedgunstiglik opoffer om die Kommissie behulpsaam te wees, en by 'n paar ander gedenkwaardighede neem die Kommissie besolgdigde opsigters in diens.

Bewaarders of opsigters is by die volgende gedenkwaardighede in diens geneem:

1. „The Lookout", distrik Uitenhage.
2. Houtstoor en Van Plettenberg se Baken, Plettenbergbaai.
3. Kantienkoppiereservaat, Barkly-Wes.
4. Die Fort Marabastad.
5. Mapochsgrot, Roossenekal.
6. Plek van Eerste Goudertsvergruising en Kraginstallasie, Eersteling, Pietersburg.
7. Die Raadsaal, Vryheid.
8. Dingaanskraal, Babanango.
9. Matjesriviergrot, Keurboomstrand.

*Sake van besondere belang*

Dit is nie moontlik om breedvoerig verslag te doen oor die groot aantal gedenkwaardighede, wat meer as 200 afsonderlike gevalle beloop, waaraan gedurende die jaar aandag geskenk is nie. Hieronder volg die een en ander oor sake van besondere belang, wat die groot omvang van die Kommissie se werksaamhede aandui.

1. *Die Kasteel, Kaapstad.* Soos gereël met die militêre owerhede en die Departement van Openbare Werke word die voorkoms van die Kasteel verbeter deur die verwydering van onooglike skoorstene en ventilators wat deur die jare aangebring is en nou nie meer nodig is nie. Baie van hierdie toevoegings is reeds verwyder.

Reëlings is getref om geskikte ou kanonne in die kanonskanse op die bolwerk van die Kasteel op te stel.

Vanjaar is die driehonderjarige gedenkdag van die legging van die eerste steen gevier deur 'n reeks funksies, insluitende militêre parades, *son et lumière*-opvoerings, die vertoning van 'n rolprent oor die Kasteel en 'n bal. Hierdie uiters geslaagde funksies, gereël deur die Bevelvoerder, Kommandement Wes-Kaapland, kol. P. E. Ferguson, M.C., E.D., het aansienlike belangstelling in die Kasteel laat opleef.

2. *Tokai-huis, Constantia.* Dit is vir die Kommissie 'n genoeë om te kan meedeel dat die Departement van Openbare Werke sekere opknappings- en onderhoudswerk op versoek van die Kommissie uitvoer.

3. *Blokhuis, Tulbaghweg.* Hierdie Blokhuis uit die Tweede Vryheidsoorlog is in 1938 geproklameer. Daarna is gevind dat dit in so 'n swak toestand is, en so onbereikbaar, dat die bewaring daarvan nie geregverdig is nie, veral aangesien 'n aantal ander blokhuise uit dieselfde tydperk geproklameer is. Die proklamering van hierdie blokhuis is derhalwe ingetrek.

4. *Reinethuis, Graaff-Reinet.* Die Kommissie het, in oorleg met die Stigting Simon van der Stel, daadwerklike pogings aangewend om die pragtige Urquhart-eiendom wat aan Reinethuis grens, te verkry. Hoewel die Kaapse Provinsiale Administrasie 'n aansienlike bydrae aangebied het en die Stadsraad bereid was om saam te werk, het hierdie pogings nie geslaag nie en is die toekoms van die Urquhart-eiendom nog onseker.

5. *Bailey se Baken, Bathurst.* Die Kommissie het hierdie baken op die dorpsgrond van Bathurst besoek onder leiding van mnr. E. Morse Jones tydens hulle vergadering op Port Alfred. Die bult waarop die baken staan, verskaf 'n uitstekende uitkykpunt in alle rigtings waarvandaan die plekke waar die meeste van die 1820-Setlaars hul oorspronklik gevestig het, gesien kan word. Die Kommissie het in beginsel besluit om die proklamering van 'n gebied wat groot genoeg is om te verseker dat die uitsig behou sal word, aan te beveel, en probeer om die samewerking te verkry van die 1820-Setlaarsgedenkkommissie vir die ontwikkeling van die terrein en die oprigting van 'n gepaste gedenkteken.

6. *Dick King se Huis, Isipingo.* Die Kommissie het sorgvuldige oorweging geskenk aan die huis waarin Dick King gewoon het op Isipingo, 'n gebied wat gereserveer is vir okkupering deur Indiërs. Hoewel die huis 'n gedenkplaat dra wat etlike jare gelede deur die Kommissie aangebring is, is dit in so 'n mate verbou dat die proklamering daarvan nie geregverdig sou wees nie. Die Kommissie sal egter 'n wakende oog oor die posisie hou en sal sy invloed gebruik om die gebou so ver moontlik te laat bewaar.

7. *Amajuba-slagveld.* Hierdie terrein is 'n paar jaar gelede geproklameer. Toegang vir die publiek oor grond van die Departement van Bosbou is gereël, maar die pad is moeilik en verdere struikelblokke het ontstaan toe die Regering die grond wat tussenin lê, verkoop het. 'n Pad wat baie geriefliker is, is beskikbaar vanaf die aangrensende plaas Majuba-Suid, en die Kommissie onderhandel met die eienaars, Ossewa Brandwag Bpk., wat reeds besoekers toelaat om hulle eiendom oor te steek, om permanente toegang vir die publiek vanaf hulle plaas te verleen.

8. *Geboorteplek van genl. Louis Botha.* Die huis naby Greytown, Natal, waarin die eerste Eerste Minister van die Unie van Suid-Afrika gebore is, staan op 'n perseel wat die eiendom van die Kommissie is. Daar

is besluit om die heinings te vernuwe, onkruid van die perseel te verwyder, 'n geskikter bronsgedenkplaat op te rig as dié wat etlike jare gelede opgerig is en om die oorblywende fondamente van die huis aan te dui deur middel van afgewite klippe.

9. *Historiese Seringboomstomp, Rustenburg.* Die oorblyfsels van 'n boom waaronder 'n vergadering gehou is wat aanleiding gegee het tot die stigting van die Hervormde Kerk is 'n geproklameerde gedenkwaardigheid Tegniese advies is van die Departement van Bosbou verkry oor die behandeling daarvan met 'n geskikte preserveermiddel wat nie die voorkoms van die stomp sal skend nie, en stappe is gedoen om hierdie aanbevelings uit te voer.

10. *Blokhuis, Witkop, Meyerton.* Dit is een van die blokhuise uit die Tweede Vryheidsoorlog wat 'n tyd gelede vir proklamering uitgekies is. Na 'n verslag deur die Departement van Openbare Werke en 'n voorlopige inspeksie deur 'n lid van die Kommissie het prof. W. Mallows van die Argitektuurskool van die Universiteit van die Witwatersrand goedgunstiglik 'n deegliker inspeksie uitgevoer, en meegedeel dat die gebou blykbaar nie in gevaar is nie, ten spyte van sekere barste wat aandag vereis.